



GELOFTE SKOOL

DWELMBELEID

Hersien:
Maart 2021

Die doel van die skool se dwelmbeleid is om 'n veilige, gesonde, dwelmvrye omgewing vir al sy leerders te bevorder. Die oogmerk van die beleid is derhalwe nie om te straf, diskrimineer, wreek of te vervolg nie, maar eerder om van hulp te wees en op te voed.

Die aandeelhouers in die leerder se opvoeding onderneem om deur hulle gedrag, houding en onderrig toe te sien dat die misbruik van alkohol of enige ander gewoontevormende/bedwelvende middel nie gekondoneer word nie. Aangesien afhanklikheid van enige dwelmmiddel as 'n chroniese en progressiewe siekte beskou mag word, sal die skool elke geval dus op eie meriete en tot die beste voordeel en opvoeding van die betrokke leerder en skool hanteer.

Die beleid is van toepassing:

- op alle leerders van die skool, hetsy hulle in skool uniform is al dan nie,
- by die skool en op die sportterrein,
- tydens enige uitstappie, funksie of ander aktiwiteit wat deur die skool gereël is,
- enige plek of aktiwiteit waar leerders die skool verteenwoordig of as sodanig herken mag word,
- waar leerders buite skoolverband hulle skuldig maak aan die gebruik of misbruik van enige bedwelvende middel behou die skool die reg voor om op te tree waar sodanige gebruik/misbruik die leerder se gedrag, skoolbywoning of akademiese vordering beïnvloed. Ouers van leerders sal in kennis gestel word.

Die skool laat nie toe dat 'n leerder op die skoolterrein:

- onwettige dwelmmiddels of ander bedwelvende middels gebruik of in sy/haar besit op die skoolterrein het nie;
- enige voorgeskrewe of ander medisyne wat oor die toonbank verkoop word, misbruik nie;
- alkohol gebruik of in sy/haar besit het nie;
- sigarette, "vape" sigarette en -toestelle, e-sigarette of enige ander tabak verwante middels gebruik of in sy/haar besit het nie;
- in besit is van enige dwelm verwante bybehore of toerusting soos sigaretpapier, aanstekers, vuurhoutjies, pype van welke aard ook al, tabak/nikotien-olie, ens. nie;
- gedrag toon wat moontlik as die invloed van enige dwelmmiddel of alkohol vertolk kan word nie;
- onwettige dwelmmiddels of alkohol besit, gebruik en/of verskaf.

Dit is die doel van die skool om 'n effektiewe anti-dwelm program aan te bied wat ooreenstem met die Nasionale beleid en wetgewing rondom dwelms. Die doel van die program is om dwelmmisbruik onder leerders te identifiseer, om die veiligheid en regte van

die meerderheid van leerders wat nie dwelms misbruik nie, te beskerm en om 'n dwelmvrye leeromgewing te bevorder.

Dit is die doel van die skool om leerders met 'n dwelmprobleem te help en sover as moontlik te ondersteun en ouers/voog te voorsien van die nodige inligting om leerders te ondersteun. Sodanige leerders sal geregtig wees op gepaste hulp en sal die reg op onderwys nie ontnem word nie so lank as wat hulle deelneem aan 'n gestruktureerde rehabilitasieprogram. In gevalle waar leerders weier om van sodanige hulp gebruik te maak, sal die skool nie 'n keuse hê as om die nodige stappe soos uiteengesit in BYLAAG D te neem nie. Die skool onderneem egter om alle sake rakende hierdie beleid te alle tye in samewerking met die ouer/voog te hanteer. Die skool sal poog om elke sodanige saak met die nodige sensitiwiteit en respek vir beide die leerder en die ouer/voog se reg op privaatheid, te hanteer.

Daar sal ernstig opgetree word teen leerders wat hulself skuldig maak aan die verkoop of te verspreing van dwelms/gewoontevormende middele op die skoolgronde.

Die skool onderneem om relevante inligting rondom dwelms aan die personeel, leerders en ouers te verskaf (BYLAAG C) as deel van die dwelmvoorkomingsprogram. Sodanige program fokus daarop om leerders ook die lewensvaardighede aan te leer ten einde die regte besluite te neem.

Indien leerders daarvan verdink word dat hul in die besit van 'n onwettige dwelmmiddel is, kan sodanige leerder deursoek word (BYLAAG A).

Alle inligting rondom dwelmmisbruik en dwelmtoetsing is streng vertroulik. (Bylaag B)

TOEPASSING

Hierdie beleid is van toepassing wanneer 'n leerder in skooluniform is op die skoolgronde of in 'n openbare plek waar hy/sy deur die publiek geïdentifiseer kan word as 'n leerder van die skool.

BYLAES

Die volgende bylaes beskryf besonderhede van die beleid:

- BYLAAG A: Deursoekings- en Beslagleggingsprosedures
- BYLAAG B: Die Toetsprosedure
- BYLAAG C: Optrede na positiewe toetsresultate
- BYLAAG D: Ondersteuningsisteme

R VAN DER MERWE
VOORSITTER:
BEHEERLIGGAAM

DATUM

BYLAAG A - DEURSOEKINGS- EN BESLAGLEGGINGSPROSEDURES

1. ONWETTIGE EN ONGEMAGTIGDE DWELMMIDDELS EN SUBSTANSIES

Die volgende dwelmmiddels en substansies word as onwettig beskou. Dit sluit in om in besit te wees daarvan, handel te dryf daarin of onder die invloed te wees daarvan.

- alkohol
- amfetamine
- anaboliese steroïdes
- barbiturate
- benzodiazepine
- kokaïne
- metaphetamines (tik, crystal, meth)
- methadone
- ekstasie (MDMA)
- opiate (heroïne, morfien, opium)
- THC (dagga)

Hierdie lys is nie uitsluitlik nie en mag van tyd tot tyd opgedateer word om ander afhanklikheidsvormende substansies in te sluit.

2. MOTIVERING VIR DEURSOEKING

Die skoolhoof, adjunkhoof of sy gedelegeerde mag enige leerder deursoek indien daar redelike vermoede bestaan van die besit of gebruik van onwettige middels. As deel van die voorkoming van misbruik, mag die hulp van die polisie ingeroep word om op 'n lukrake wyse die terrein en/of leerders in klasse te deursoek. Hierdie prosedure is in ooreenstemming met afdeling-8A van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

3. PROSEDURE

- Die persoon wat die ondersoeking doen moet van dieselfde geslag as die betrokke leerder wees.
- Die leerder sal net versoek word om sy boklere te verwyder, indien nodig.
- Die ondersoek sal in die teenwoordigheid van 'n ander personeellid van dieselfde geslag as die leerder geskied.
- Indien daar 'n vermoede bestaan dat daar enige onwettige middel op, aan of in die leerder se liggaam versteek is wat buite die bestek van die skool se deursoekingsmagte val, mag die SAPD gekontak word om die leerder te kom deursoek.
- Indien 'n leerder weier om deursoek te word, sal die volgende prosedure gevolg word:
 - a. Die ouer/voog word onmiddellik in kennis gestel dat die leerder weier om deursoek te word, en derhalwe die bepalings van die Skolewet en die skool se dwelmbesluit oortree. Stel verder die ouer/voog in kennis dat die SAPD gekontak sal word om die deursoeking van die leerder te behartig.
 - b. Die ouer/voog sal dan die geleentheid kry om die leerder te oortuig om sy/haar samewerking te gee. Hierdie gesprek mag telefonies geskied of in die teenwoordigheid van 'n getuie.
 - c. Indien beide die ouer/voog en leerder weier om hulle samewerking te gee, sal die saak onmiddellik aan die SAPD gerapporteer word en sal die reg sy loop neem wat die potensiele strafregtelike vervolging van die leerder mag insluit.
 - d. Indien enige bedwelkende middels gevind word, moet die volgende prosedure gevolg word:
 - Merk volle besonderhede van:

1. Waar dit gevind is
 2. Naam van leerder
 3. Tyd en datum van deursoeking en beslaglegging
 4. Voorval-verwysingsnommer
 5. Naam van persoon wat ondersoek gedoen het
 6. Naam van personeelid teenwoordig
 7. Enige ander toepaslike besonderhede
- e. Aantekening in verslagboek.
- f. Oorhandig dadelik aan SAPD vir verwydering van die skoolterrein
- g. Indien SAPD dit nie onmiddellik kan verwyder nie, moet die skoolhoof, adjunkhoof of sy gedelegeerde die onwettige middel na die naaste polisiekantoor neem. Daar moet 'n kwitansie vir die ontvangs daarvan uitgereik word.

BYLAAG B - TOETSING

1. SKEDULE VAN DWELMTOETSING

A **Geskeduleerde toetse vir voorkoming**

Die ouer van die leerder wat dwelms/gewoontevormende middels geneem het, moet toesien dat die leerder getoets word soos ooreengekom met die skool en skriftelik verslag aan die skool lewer.

Indien nodig sal die skoolhoof, adjunkhoof of gedelegeerdes toetsings met 'n leerder/s doen.

Toetsing kan tot 2 keer 'n week gedoen word, maar nie tydens vakansies nie.

Besonderhede rondom die dwelmtoetsprogram, sowel as die seleksie proses word streng vertroulik gehou en beperk tot 'n aantal personeellede, sodat leerders nie vermoedens sal kry wanneer die toetsing uitgevoer sal word nie.

Indien die deursoek nodig geag word, sal dit plaasvind in ooreenstemming met protokolriglyne en in die teenwoordigheid van 'n volwasse getuie.

B **Geteikende seleksie van leerders vir toetsing**

Indien daar enige vermoede is dat 'n leerder onwettige dwelmmiddels gebruik, of indien betroubare inligting ontvang word van die gebruik van onwettige dwelmmiddels deur 'n leerder, kan sodanige leerder enige tyd gekies word vir 'n nie-ingrypende dwelmtoets. Vermoedens sal gebaseer word op spesifieke fisiese tekens en gedrag en/of inligting ontvang.

2. TOETSROSEDURE

Die ouer van die leerder wat dwelms/gewoontevormende middels geneem het, moet toesien dat die leerder getoets word soos ooreengekom met die skool en skriftelik verslag aan die skool lewer.

OF

Indien nodig sal die skoolhoof, adjunkhoof of gedelegeerdes toetsings met 'n leerder/s doen.

- A Die skoolhoof of sy gedelegeerde kan enige nie-ingrypende toets doen.
- B Die toets moet deur 'n persoon van dieselfde geslag as die leerder gedoen word.
- C Die toets moet in 'n private area geskied.
- D Een volwasse getuie van dieselfde geslag as die leerder moet teenwoordig wees.
- E Leerders sal nie deur personeellede getoets word wat sy/haar klasonderwyser, sportafripter is of deur enige iemand wat met hom/haar 'n persoonlike verhouding het nie.
- F Streng vertroulikheid rondom dwelmtoetsing, sowel as die toetsresultate sal gehandhaaf word. Die toetsmonster moet duidelik en volledig met die besonderhede van die leerder gemerk word.
- G Die volgende instrument sal gebruik word:
5-paneel toets (Tik, Kokaiën, Dagga, Amphetamine, Ecstasy)
- H Die ouer van die leerder moet binne een dag in kennis gestel word van die toets se resultaat.
- I Die leerder en ouer moet, sodra die uitslag bekend is, onmiddellik van die uitslag in kennis gestel word.

BYLAAG C - OPTREDE NA POSITIEWE TOETSRESULTATE

Enige optrede sal geskied in gevolge van die gedragkode wat in Artikel 45 (1) van die SASW voorkom.

Indien 'n leerder positief getoets word vir enige onwettige dwelmmiddel, sal die volgende stappe geneem word:

1. Ouers word binne een skooldag in kennis gestel van die toetsing se resultaat.
2. Toetsresultate word bekend gemaak aan die ouers en die leerder.
3. Ouers aanvaar die finansiële koste wat noodwendig aangegaan is ten opsigte van die toets en sal die toetskoste op aanvraag betaal.
4. 'n Gesprek moet met die ouers gevoer word sodat hulle die gevolge en impak van verbode middels kan verstaan.
5. Die skool verwys die leerder na 'n rehabilitasiesentrum vir dwelMBERADING. Die koste vir hierdie program is die ouers se verantwoordelikheid. Indien ouers dit nie kan bekostig nie, sal alternatiewe besonderhede oor hulpmiddels voorsien word (BYLAAG D).
6. Aangesien die skoolterrein 'n dwelmvrye area is, sal leerders wat positief vir verbode middels getoets is:
 - a. tydelik gesuspendeer word totdat die leerder negatief toets vir enige verbode middels. Die ouer moet die skool voorsien van sodanige uitslag. Die skool behou die reg voor om self ook die leerder toets.
 - b. 'n verslag van 'n rehabilitasieprogram inhandig.
7. Die leerder sal ingevolge die gedragkode disiplinêr verhoor word. Moontlike strawwe wat opgelê kan word, sluit die volgende in:
 - a. Tydelike skorsing
 - b. Permanente uitsetting
 - c. Gemeenskapsdiens
 - d. Opvolg dwelmtoetse op ouer/voog se onkoste
 - e. Indien van verslae rakende rehabilitasie
 - f. Lukrake toetsing by die skool
 - g. Daaglikse aanmelding by die skoolhoof/adjunkhoof.
8. Geen kriminele prosedure sal teen die leerder geneem word indien hy hom vrywillig onderwerp aan toetsing nie.

Indien 'n leerder in die besit van onwettige dwelmmiddels is, of met onwettige dwelms handel dryf, of op enige wyse aan ander verskaf, sal die volgende stappe geneem word.

1. Die ouer/voog van die leerder word in kennis gestel.
2. Die leerder word summier gesuspendeer hangende 'n disiplinêre verhoor.
3. Die SAPD kan in kennis gestel word op grond van getuienis gelewer tydens 'n disiplinêre verhoor, waarna die gereg sy loop sal neem.
4. Die Beheerliggaam aansoek doen om uitsetting van die leerder.

BYLAAG D - ONDERSTEUNINGSMIDDELE

1. VOORKOMING

1.1 Leerders

- 1.1.1 LO kurrikulum
- 1.1.2 Bewusmaking deur buite-organisasies
- 1.1.3 Karaktertransformasie program
- 1.1.4 Tienerberadingsgroepe
- 1.1.5 Visuele bewusmaking deur plakkate, ens.
- 1.1.6 Gesprekvoering deur kerkgroepe.

1.2 Ouers

- 1.2.1 Deurgee van inligting op web-tuiste, oueraande en individueel.

1.3 Onderwysers

- 1.3.1 Opleiding oor tekens en toepassing van die beleid

2. HULPVERLENING

2.1 Gesprek met die Maatskaplike Werker

2.2 Verskaffing van besonderhede oor rehabilitasiesentrums en -programme

- 2.2.1 Newlands Park Alcohol and Rehabilitation Centre 031 578 3992
(Staatsinstansie)
- 2.2.2 SANCA 031 202 2274
- 2.2.3 ARCA Durban 031 261 5515
- 2.2.4 24-hour help line 078 272 2911
- 2.2.5 Open Door Crisis Centre 031 709 2679

2.3 Akademiese ondersteuning van leerder:

- 2.3.1 Voorsien akademiese werk aan rehabilitasiesentrum.
- 2.3.2 Voorsien ouers van akademiese werk.